

Skriflesing: Rom 12:1-10

Teksvers: Rom 12:10

Tema: Vriende stel vir mekaar 'n voorbeeld van hartlike liefde en eerbied

Nog nooit in die geskiedenis was dit vir ons so maklik om met mekaar te praat soos vandag nie. Ons kommunikeer met mekaar oor die telefoon, selfone, e-posse, SMS'e; facebook en Wattsua om maar net 'n paar te noem. So nou en dan loop ons mekaar darem ook raak om met mekaar te gesels.

As jy wil **kommunikeer**, kan jy. En tog is mense nie **gekonnekteer** nie. Mense staan nie in verhouding met mekaar nie.

In Amerika het minder as tien persent van alle mans 'n paar jaar gelede aangedui dat hulle 'n ware beste vriend het. Minder as tien persent mans het iemand met wie hulle regtig kan praat en alles kan deel. Ja, ons praat met mekaar as ons'n rugbywedstryd kyk of saam golf speel, maar as dit kom by wat werklik tel in die lewe, het mans nie 'n ware vriend nie.

Ongelukkig is dit selfs so in die kerk, die een plek waar God dit bedoel het dat daar egte gemeenskap moet wees. Vanoggend weer stap mense in die erediens in, hulle gaan sit, hulle sing 'n paar liedere, hulle luister, hulle staan op en hulle loop alleen uit. Dit is die ervaring van 'n groot hoeveelheid mense.

Mense is eensaam. Hulle is tussen baie ander, maar alleen. Voel jy dalk nou so? Jy voel asof jy alleen deur die lewe gaan? Jy sien mense lag en dinge doen, maar jy is nie deel daarvan nie. In die kerk, soos in die wêreld, is dit elkeen vir hom of haarself. Ons sê dat ek Christus as Verlosser aangeneem het, maar dat dit het niks met ander te doen nie. Ons kan nie meer verkeerd wees nie. My verhouding met Christus het alles met my verhouding met jou te doen.

Ek was by meer as een gesprek die afgelope tyd betrokke waarin ons gesels het oor die verkorte of dalk eerder verkeerde evangelie wat verkondig word. Ons fokus baiekeer net op vertikale liefde: God se verhouding met ons en ons verhouding met Hom. Ons vergeet van die horisontale liefde: ons verhouding met mekaar wat onskeibaar van ons verhouding met God is.

In die kerk van die Here maak Hy ons Sy een liggaam. Hy is die hoof van die liggaam en Hy gee aan elkeen van ons 'n plek en 'n taak. Party van ons is oë, ander ore, party 'n hand of 'n voet of 'n neus. Die hand kan nie spog dat hy een van die skouspelagtigste liggaamsdele is en daarom nie die res van die liggaam nodig het nie. Sonder die arm, is die hand niks nie. En die hand, verbind aan die arm, het 'n funksie om te vervul.

Die dag toe ons ons lewens in geloof aan die Here oorgegee het, het Hy ons gevul met sy "agape" liefde. In Rom 5:5b lees ons van hierdie liefde: "want God het Sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."

Hy roep vir ons as Sy liggaam op: "Beton hartlike broederliefde teenoor mekaar..."
Ons mag nie net voorgee dat ons mekaar liefhet het nie. Partykeer praat ons vriendelik, maak nie mekaar se gevoelens seer nie en skep die indruk dat ons regtig belangstel. Ons is ontsteld oor onreg en ontroer deur ander se nood. Ons gee mekaar selfs 'n drukkie, maar in hierdie hele proses dra ons steeds maskers. Ons kommunikeer, maar konnekteer nie.

Die hartlike broederliefde waartoe God ons oproep, is baie dieper as oppervlakkige geklets of emosies. Die liefde van die Here wat uit my uitvloei, stel jou en jou belange

bo myne. Dit luister na jou. Hierdie liefde gaan oor in daade van omgee en sorg. Dit gee myself, my tyd en goed.

Een van die redes waarom ons sukkel om so lief te hê, is omdat ons dink ons is meer belangrik as die ander. En ook dit is nie waar nie.

As gelowiges is ons Christus se een liggaam. Ons is een, maar nie eenders nie. Ons het verskillende gawes soos God dit aan ons gee. Soos liggaamsdele verskil, so verskil ons van mekaar, maar ons het mekaar nodig. Ons lees van 7 verskillende gawes in Romeine 12:6-10. Ons lees van die gawe van profesie, dien, onderrig gee, bemoedig, gee, leiding gee en ander help. Sommiges van ons verhef sekere van die gawes bo die ander. Die Here doen dit nie. Nie een van hierdie gawes is belangriker as die ander nie.

Daar is tot 15 mense by die aanbied van vanoggend se erediens betrokke. Hulle wat die saal voorberei het, groet, die tegnologie hanteer, die "band", die prediker ens. Wie van hierdie mense is die belangrikste? Ek dink ons stem saam dat almal van hulle 'n plek en rol het. Sonder enige van hierdie mense kan die erediens nie plaasvind nie. Almal het verskillende gawes ontvang, maar die eerste gawe wat almal ontvang het, die liefde, bind ons aan mekaar.

Bewys hartlike broederliefde en eerbied teenoor mekaar. Dit begin hier tussen ons. En eintlik is dit vir ons as kinders van die Here nie so moeilik nie. Want ek weet jy is saam met my onmisbaar deel van die liggaam van Christus. Jy het waarde, want jy is na die beeld van God geskape. Jy is nie my vyand of 'n vreemdeling nie. Ons is geloofs familie - broers en susters van mekaar. In Christus is ons bloed familie. En ons het almal 'n funksie in die liggaam van Christus. Ek wag nie vir jou om eers vir my lief te hê, eers jou kant te bring of my eerste te groet nie.

Ek stel die voorbeeld. Ek sal jou eerste liefhê. Ek sal eerste eerbied betoon. Ek sal eerste dien.

Die Here se liefde konnekteer ons so met mekaar. Ons is Sy een liggaam wat mekaar hartlik kan liefhê en aan mekaar eerbied kan betoon. En ons wag nie vir mekaar nie, ons stel vir mekaar hierin 'n voorbeeld.

Amen